

Orchard management: July to September

Tracey Campbell

SUBTROP



		Details <i>Beskrywing</i>	Recommendation <i>Aanbeveling</i>	July <i>Julie</i>	August <i>Augustus</i>	September <i>September</i>
Fertilisation <i>Bemesting</i>	Foliar spray <i>Blaar-bespuiting</i>	Zn, B, Cu, Mn on 1st male flower Cytokinins on female flower (optional) KNO ₃ (2%) on female flower (optional)	Zn, B, Cu, Mn op 1ste manlike blom Sitokiniene op vroulike blom (opsioneel) KNO ₃ (2%) op vroulike blom (opsioneel)			
	Soil application <i>Grond-toediening</i>	Adequate fertilisation limits stress and ensures healthy flower formation and good fruit set.	Voldoende bemesting beperk stremming, verseker gesonde blomvorming en goeie vrugset.	As soon as flowers appear: 50% of annual N&K, 100% of annual P		Early fruit set: 20% of annual N&K
	Sampling <i>Monster-neming</i>	Take leaf and soil samples. Check against leaf and soil norms to determine nutrient needs.	Neem blaar- en grondmonsters. Vergelyk blaar- en grondnorme om voedingsbehoefte te bepaal.			Vroeë vrugset: 20% van jaarlikse N&K
Insect control <i>Insekbeheer</i>	Fruit fly <i>Vrugtevlieg</i>	Monitor year round. ECO FRUITFLY BAIT GF-120 or *GF-120 NF; M3 bait station; Bait application; bagging fruit Monitor deur die jaar. ECO VRUGTE-VLIEGLOKAAS GF-120 of *GF-120 NF; M3 lokstasie; spuit van lokaas; sakkies om vrugte	Apply GF-120 at 20-100 ml/400 ml *(or 1-1.2 L/19-29 L) of water at a rate of 60 ml *(or 20 - 30 L) spray mixture per tree. Use mixture within 12 hours. Do not add any other products to mixture. <i>GF-120 teen 20-100 ml/400 ml *(of 1 - 1.2 L /19 - 29 L) water met 'n aanwending van 60 ml *(of 20 - 30 L) mengsel per boom. Gebruik binne 12 ure na aanmaak en moenie met ander produkte meng nie.</i>			
	Nematodes <i>Aalwurm</i>	Rugby 10G (cadusfos 100 g/kg) or Rugby 10ME (cadusafos 100 g/L)	Apply Rugby 10G at 15 g/m ² or Rugby 10ME at 15 ml/m ² tree drip area. Application must be followed by 35 mm irrigation / rainfall on sandy soils and 15 mm irrigation / rainfall on heavy clay soils within one week of application. Repeat annually. <i>Dien Rugby 10G teen 15 g/m² of Rugby 10ME op 15 ml/m² boom druparea. Toediening moet gevolg word deur 35 mm besproeiing / reën op sanderige grond en 15 mm besproeiing / reën op swaar kleigrond binne een week na die toediening. Herhaal jaarliks.</i>			
	Nemacur 10GR (fenamiphos 100 g/kg)	Apply Nemacur 10GR at 30 g/m ² tree basin area at initial treatment and 15 g/m ² on follow up treatment. Irrigate immediately after application with at least 25 mm water. (NB: Apply only during spring) <i>Dien Nemacur 10GR toe op 30 g/m² boomdruparea by die aanvanklike behandeling en 15 g/m² op opvolgbehandeling. Besproei onmiddellik na toediening met minstens 25 mm water. (NB: Gebruik slegs gedurende lente)</i>				
Bark borer <i>Basboorder</i>	Sevin® XLR Plus (carbaryl 480 g/L)	Regular scouting essential. Spray lesions with Sevin® XLR Plus 480 g/L at 450 ml per 100 L water. Do not spray the whole tree but only affected areas on the stem. <i>Gereelde verkenning noodsaaklik. Spuit letsels met Sevin® XLR Plus 480 g/L by 450 ml per 100 L water. Moenie die hele boom spuit nie, slegs plekke op stam wat geraak is.</i>				

Boordbestuur: Julie tot September

Insect control Insekbeheer	Irrigation Besproeiing	Flower growth and fruit set uses a lot of energy, so steadily increase your irrigation to limit stress and enhance good fruit set and development (see Table for water requirement guidelines).			
		<i>Blomgroei en vrugset gebruik baie energie. Verhoog besproeiing geleidelik om stremming te beperk en goeie vrugset en ontwikkeling te verbeter (sien Tabel vir besproeiingsriglyne).</i>			
Tree management Boombestuur	Bee management Bye-bestuur	Ensure +/- 4 bee hives per ha - bees are essential for maximum fruit set.			
		<i>Verseker +/- 4 korwe beskikbaar per ha - bye is noodsaaklik vir maksimum vrugset.</i>			
	Propagation Voortplanting	Make air-layers or graft on rootstocks.			
		<i>Maak luginleggings of ent op onderstamme.</i>			
	Land preparation and new orchard establishment Grondvoorbereiding en nuwe boordaanplanting	Soil preparation for new orchards.	Rectify P and pH for new orchards.	Establish new orchards	
		<i>Grondvoorbereiding vir nuwe boorde.</i>	<i>Herstel P-vlakke en pH vir nuwe boorde.</i>	<i>Vestig nuwe boorde</i>	

Die invloed van temperatuur op lietsjie se blom

Wilna Stones
SUBTROP

Die Letaba-gebied se afgelope lietsjieseisoen was seker een van die swakste in 'n lang tyd. Produsente se oeste het tussen 10% en 30% van die 2012-seisoen se oes gewissel. Die algemene gevoel onder produsente was dat die klimaat daarvoor verantwoordelik was.

Navorsing (Menzel & Simpson, 1988) met lietsjieplante wat aan verskillende maksimum/minimum-temperatuur blootgestel was, het getoon dat maksimum/minimum-temperatuur van 20°C/15°C 'n kombinasie van vegetatiewe, blom- en gemengde ("leafy panicles") lote tot gevolg gehad het. Temperature van 15°C/10°C het gemengde en blom-lote tot gevolg gehad, maar met 'n hoër aantal blom-lote as gemengde lote.

Fig. 1 toon die maksimumtemperatuur vir Maart 2013 was ongeveer 27°C terwyl maksimumtemperatuur vir April tot Junie min of meer 25°C was. Dit is dus duidelik dat hoewel nagtemperatuur redelik was vir blominsiasie, die dagtemperatuur te hoog was.

Die beste toestande vir blominsiasie is by temperatuur van 15°C/5°C wat

vir 10 weke duur. 'n Minimum van vier weke teen hierdie temperatuur is vir blominsiasie nodig. Onderbrekings van hierdie temperatuur met warmer temperatuur het verminderde blom tot gevolg.


Die temperatuur beïnvloed ook die verhouding van die aantal manlike tot vroulike blom in die blompluim. In navorsing met twee jaar oue lietsjieplante wat by 15°C/10°C, 20°C/15°C en 25°C/20°C gehou is, was die verhouding vroulike blomme onderskeidelik 72, 49 en 27. Warmer temperatuur


verhoog dus die verhouding manlike tot vroulike blom.

Hoewel blom verlede seisoen in die Letaba-gebied uiteindelik redelik was, was die vrugset teleurstellend en kan dit dalk aan 'n groter verhouding manlike tot vroulike blom toegeskryf word.

Verwysings

Menzel, C.M. & Simpson, D.R. 1988.

Effect of temperature on growth and flowering of litchi (*Litchi chinensis* Sonn.) cultivars. *Journal of Horticultural Science* 63, 249-360. 



Figuur 1. Klimaatinsligting vir die Tzaneen-area

Bron: letabafire.com 2013/12/12